AHI BLOEMFONTEIN

VOORSITTERSVERSLAG – 29 APRIL 2010

Rothea van Biljon

Dit is vir my 'n voorreg om aan die einde van die derde bestaansjaar van AHI Bloemfontein meegaande voorsittersverslag aan u voor te hou. AHI Bloemfontein is gestig op 6 Februarie 2007 - dus is ons reeds 3 jaar oud

Die bestuur van AHI Bloemfontein vir die termyn 2009/2010 was saamgestel uit die volgende persone:

- Rothea van Biljon – Jenwil BlouSter Finansiële Adviesdienste - Voorsitter
- Dr André van der Berg – SUT – Ondervoorsitter
- Louis Rossouw – PriceWaterhouseCoopers – Tesourier
- Sharon Oberholzer – ABSA – Sekretaris
- Belinda King – ABSA – Hulp-sekretaris
- Wilna Richter – Volksblad
- Steyn Strauss – Naudes
- Prof Basie Wessels – ABZ Professionele Dienste
- Willem Britz – Willem Britz Makelaars
- Bernie Davis – RCIR Valution
- Phillip van den Berg – Dynamic Group
- Henry Böning – Henry Böning Ingenieurs
- Johan Hattingh – SUT
- John Davids – Volksblad
- Werner Landman – PriceWaterhouseCoopers

Deur die loop van die jaar het Sharon Oberholster, Belinda King, Wilna Richter en John Davids om verskillende redes uit die bestuur bedank.

Gedurende die jaar is Rassie van Zyl, Hoofbestuurder van Volksblad op die bestuur gekoöpteer, asook Bernadette van den Berg van die Dynamic Groep.

Deel van ons doelwitte vir die derde bestaansjaar, was om te verseker dat AHI Bloemfontein deel sal vorm van die besluitnemingsproses in die stad en veral wanneer plaaslike- en provinsiale regering belangrike besluite geneem het. Ons het sedert die einde van 2009 groot vordering hiermee gemaak. Hieroor sal later volledig verslag gedoen word.

Een van ons groot take en gelukkig ook suksesse van die afgelope jaar, was die aanbieding van die AHI Nasionale Kongres wat gedurende September 2009 in Bloemfontein aangebied is. Behalwe die hoofkongres is ook kleiner kongresse aangebied nl: Toerismekongres, Kongres van Handel en Nywerheid, en die SA Raad vir Sakevroue se kongres. Die kongres was in alle opsigte 'n baie groot sukses en die inhoud daarvan was van praktiese waarde. Dit het 'n welkome bydrae tot lede se ondernemings gelewer. Sprekers van 'n baie hoë standaard het tydens die kongres opgetree bv Me Maria Ramos, Minister Sicelo Shiceka en Prof Van Aardt Smit van die Universiteit van die Vrystaat.

Tydens die afgelope finansiële jaar het ons verskeie ledevergaderings aangebied. Ek lig enkele hoogtepunte uit:

- Ons jaarlikse prestige begrotings-vergadering was soos gewoonlik 'n baie groot sukses. PriceWaterhouseCoopers was weereens die hoofborg en meer as 150 persone het dit bygewoon. Die paneel het bestaan uit Jac Laubscer, hoof ekonoom van Sanlam, Theo Venter, politieke ontleder van die Potchefstroomse Universiteit en Hesna Rheerder en Gert Nel van PriceWaterhouseCoopers.
- Die Premier, Ace Magashule het sakelui toegespreek en sy visie vir die Vrystaat uitgespel.
- Charles Smit joernalis van Volksblad het sy ervaringe in die Verenigde State met ons gedeel tydens President Barack Obama se verkiesingsveldtog
- Ons jaarlikse dinee het saamgeval met die kongres se dinee, waartydens die Uitvoerende Hoof van Sanlam, Dr Johan van Zyl as spreker opgetree het

Deurlopende projekte waarby ons deur die loop van die jaar betrokke was:

- Na die "Airports Liaison Committee" in die lewe geroep is, het ons meer direkte kontak om probleme wat voorkom aan te spreek. Die AHI word op daardie komitee verteenwoordig deur Johan le Roux, Direkteur van Astra Reise, wat tans ook voorsitter is van die komitee. Johan doen baie waardevolle werk.
- Die Blitspatrollie projek het stadig maar seker van die grond af gekom. Die bestuur het een Saterdag-oggend gepantser met oorpakke, kwaste, verf ens 'n groot gedeelte van die binnekant van die gebou uitgeverf. Baie skenkings is van lede ontvang om die werksomstandighede van die personeel te verbeter. Die topbestuur van die Blitspatrollie wys elke maand 'n presteerder van die maand aan, wat dan erkenning ontvang vanaf AHI. Elf presteerders gaan aangewys word en die 12de maand sal die algehele wenner aangewys word. Hierdie is van baie groot waarde om die personeel se moraal te verbeter. Die projek word gedryf deur een van die bestuurslede, Werner Landman van PriceWaterhouseCoopers.
- AHI Bloemfontein is nog in proses om 'n Bloudruk saam te stel en vertrou dat die projek die komende jaar baie momentum sal kry. Ons doelwit met die Bloudruk is om potensiële beleggers na Bloemfontein te lok en ondersteuning te verleen tydens die vestigingsproses.
- Gereelde artikel in Bloemnuus nl: Bloembiz verskyn nog steeds, met baie goeie terugvoering van lede.
- Ons elektroniese Nuusbrief het maandeliks verskyn en word nog altyd baie goed deur lede ontvang.
- Ons webblad is nog steeds 'n baie groot wenner en die kwaliteit van inligting en artikels wat gereeld opgedateer word, is vir lede van baie groot waarde. Ons kry ook baie reaksie van buite persone wat op die webblad gaan rondkuier

Deurbraak wat gelei het tot samewerking met Provinsiale regering:

Gedurende November 2009 het die voorsitter samesprekings gevoer met mnr Jan Hamer, direkteur van Bopa Lesedi. Hy het baie nou saam met die premier gewerk om dienste in sommige klein dorpies te verbeter, werk te skep, die dorpies se moraal te verbeter en volhoubaarheid te verseker. Na verloop van tyd is Jan Hamer deur die premier gesekondeer om op die bestuur van AHI Bloemfontein te dien en sodoende Provinsiale regering daar te verteenwoordig. Die doel was om samewerking tussen regering en AHI op ‘n kontinue basis te bewerkstellig.

Verskeie aksies het hieruit voortgevloei, waarvan slegs drie voorbeelde genoem word:

- ‘n Openbare vergadering is belê waartydens die premier Bloemfonteinse sakelui uitgenooi het om hul probleme aan hom te kom stel.
- Die premier en ‘n besigheidsafvaardiging het gister na China vertrek. Die AHI maak deel uit van die afvaardiging en is persoonlik deur die Premier uitgenooi. Die persoon is met ‘n sekere opdrag na China gestuur om handelsbetrekkinge en besigheidsgeleenthede te gaan ondersoek. Daar word vertrou dat hierdie besoek direkte en blywende handelsbetrekkinge met die Vrystaat tot gevolg sal hê. Verskeie LUR’e vorm ook deel van die geselskap.
- AHI Bloemfontein het op uitnodiging ‘n verkennende gesprek vir die stigting van ‘n toekomstige Ekonomiese Ontwikkelings Forum, geïnisieer deur die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Toerisme en Omgewingsake van die Vrystaat Provinsie onder leiding van Dr Monti Mongake, bygewoon. AHI Bloemfontein sal deel vorm van die seminaar waartydens die forum in die lewe geroep gaan word. Daar word van sakekamers, universiteite en prominente besigheidslui verwag om sake-ontwikkelling in die Vrystaat na ‘n hoër vlak te neem. Verskeie projekte is reeds geïdentifiseer.

Uitdagings vir die volgende jaar:

Om AHI Bloemfontein na die volgende vlak te neem, word die volgende strategiese doelwitte gestel:

- Regeringskakel as eerste prioritiet
- Besigheids- en opleidingsarm vir AHI Bloemfontein te vestig
- ‘n Aktiewe “Help desk” vir lede en potensiële beleggers tot stand te bring.
- Om lede voortdurend te bemagtig ten opsigte van wetgewing en besigheidsmoontlikhede.
- Onderlinge ondersteuning van AHI lede moet prioriteit geniet, wat verbetering van dienslewering en plaaslike ekonomiese groei tot gevolg sal hê.

Ek wil my bestuur van harte bedank vir die jaar wat verby is. ’n Woord van dank uit my hart uit aan elke bestuurslid. Baie dankie vir julle tyd, entoesiasme, ondersteuning en geloof in die saak. Ek weet

julle glo net soos ek dat AHI Bloemfontein nog een van die top sakekamers in die land gaan wees. Dit sal vir my persoonlik 'n heuglike dag wees wanneer ons bydrae tot die ekonomie van Bloemfontein en die Vrystaat sulke afmetings aanneem dat ons nie meer die armste provinsie in die land is nie. Ons strewe is om werksgeleenthede te skep om so armoede te verlig en die lewensomstandighede te verbeter van almal in ons streek.

Ek wil tog in besonder die dagbestuur nl, Dr André van den Berg, Louis Rossouw en Philip van den Berg bedank vir hulle harde werk. Sonder hulle sou dit nie moontlik gewees het om al die punte bymekaar te kry nie.

Die kongreskomitee verdien 'n spesiale woord van dank vir 'n reuse taak verrig. Benewens die dagbestuur, 'n spesiale woord van dank aan Callie van der Merwe vir sy inisiatiewe, entoesiasme en tyd wat hy aan die kongres afgestaan het. AHI Bloemfontein spreek sy opregte dank aan hom uit.

Graag wil ek vir Coenie Nolte baie dankie sê vir al die tyd en moeite wat hy ingesit het om AHI Bloemfontein professioneel aan die sakegemeenskap te kon verkoop. U sal ook in die volgende maande die professionele uitnodigings van die Nasionalke kongres ontvang wat Coenie se handewerk sal wees.

Woord van dank aan almal by AHI Nasionaal. Die puik professionele diens wat ons vanaf dag een van hulle ontvang het, het ons taak baie makliker gemaak.

Sonder die media kan AHI Bloemfontein natuurlik nie voortbestaan nie en speel die blootstelling wat ons geniet 'n geweldige groot rol. Baie dankie aan Media 24 en in besonder Sake 24 en by monde Vida Booysen. Vida baie dankie dat jy altyd daar is as ons op jou knoppie druk en dat jy so 'n groot bydrae lewer tot die sakegemeenskap en dan natuurlik dat jy in AHI Bloemfontein glo. Baie dankie aan Ben Burger en sy span van Bloemnuus vir die blootstelling wat julle aan ons gee en ook vir Ons Stad, Radio Rosestad en Krant.

Ek kan nie nalaat om my eie gesin ook te bedank vir hulle ondersteuning nie. Dit gebeur dikwels dat ek saans laat by die huis kom as gevolg van Kamer verpligtinge. Sonder hulle begrip en ondersteuning sou dit nie vir my moontlik gewees het om 'n bydrae te kon lewer tot AHI Bloemfontein nie.

Gun my die geleentheid om vir u die lede baie dankie te sê vir die voorreg wat ek gehad het om die afgelope drie jaar as voorsitter van AHI Bloemfontein ons lede, die stad en sy gemeenskap van diens te kon wees. Dit was vir my 'n ongelooflike voorreg en ek glo absoluut dat AHI Bloemfontein 'n baie groot rol het om te speel op verskeie gebiede. Ek wil my Hemelse Vader bedank vir die krag en leiding wat ek daagliks ontvang het om hierdie bevoorregte posisie met oorgawe te kon volstaan.

Ek wil afsluit deur AHI Bloemfontein 'n wonderlike en voorspoedige jaar toe te wens en vertrou dat die organisasie slegs van krag tot krag sal gaan.

Me Rothea van Biljon

Voorsitter: Termyn 2009 – 2010

29 April 2010